GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN
# 2024

**10782**

**GEOGRAFIE**

**(VRAESTEL 2)**

GEOGRAFIE: Vraestel 2

10782A

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 150**

**22 bladsye**

X05

More Recourses

Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring

TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.

   AFDELING A
   VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING (60)
   VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA (60)

   AFDELING B
   VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE (30)

2. Beantwoord AL DRIE vrae.

3. ALLE diagramme is by die VRAESTEL ingesluit.

4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord is.

5. Begin ELKE vraag bo-aan 'n NUWE bladsy.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. MOENIE in die kantlyn van die ANTWOORDBOEK skryf NIE.

8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.

9. Beantwoord in VOLSINNE, behalwe wanneer jy moet noem, identifiseer of ʼn lys moet maak.

10. Die maateenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 1 020 hPa, 14 °C en 45 m.

11. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

12. Jy mag ʼn vergrootglas gebruik.

13. Skryf netjies en leesbaar.

## SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B

14. 'n 1: 50 000 topografiese kaart VANRHYNSDORP (VREDENDAL) 3118DA en 'n 1: 10 000 ortofotokaart VREDENDAL 3118 DA 11 en 16 word verskaf.

15. Die area wat met ROOI/SWART op die topografiese kaart afgebaken is, verteenwoordig die area wat deur die ortofotokaart gedek word.

16. Punte sal vir stappe in berekeninge toegeken word.


17. Jy moet die topografiese en die ortofotokaart aan die einde van hierdie eksamensessie by die toesighouer inhandig.

## AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

## VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

1.1 Verwys na die FIGUUR hieronder.

Verskeie opsies word as moontlike antwoord op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 D.




**[Bron: Eksaminator se eie skets]**

1.1.1 Die patroon van die nedersetting by **A** is …

A geïsoleerde plaasopstalle.
B verspreid.
C kernvormig.
D dorpie.

1.1.2 Die vorm van die nedersetting by **B** is …


A T-vormig.
B ŉ kruispad.
C kernvormig.
D rond.

1.1.3 Die vorm van die nedersetting by **C** is bepaal deur die …

A nabyheid aan die SSK.
B behoefte aan privaatheid.
C rivier.
D pad.

1.1.4 Verwys na die hiërargie van nedersettings hieronder om die vraag wat volg te beantwoord.

Die nedersetting by **D** (in die figuur op bl. 3) is … op die hiërargie as gevolg van … in die aantal dienste.





**[Bron*: https://www.buddinggeographers.com/rural-and-urban-settlement/*]**

(i) hoër
(ii) laer
(iii) 'n toename
(iv) 'n afname

A (i) en (iv)
B (i) en (iii)
C (ii) en (iv)
D (ii) en (iii)

1.1.5 In die diagram hieronder beoefen die … boer … boerdery.



**[Bron: *https://forestrypedia.com/difference-between-substance-farming-and-subsistence-farming/#google_vignette*]**

(i) bestaans
(ii) kommersiële
(iii) monokultuur
(iv) gemengde

A (i) en (iii)
B (i) en (iv)
C (ii) en (iii)
D (ii) en (iv)

1.1.6 Die keuse van die ligging van 'n landelike nedersetting kan bepaal word deur die ...

A aspek.
B nabyheid aan 'n spoorwegstasie.
C verbinding met ander nedersettings.
D bestaande infrastruktuur.

1.1.7 Verstedeliking verwys na die …


A beweging van mense vanaf landelike gebiede na stede vir beter geleenthede.
B toenemende persentasie van die totale bevolking wat in stedelike gebiede woon.
C afname in die aantal mense wat in landelike gebiede woon.
D aantal mense wat in 'n stedelike gebied woon.


1.1.8 'n Sentrale plek verskaf goedere en dienste aan die omliggende ...

A voorstede.
B dorpe.
C landelike gebiede.
D stede. (8 x 1) (8)

1.2 Kies 'n woord/term opsie uit KOLOM B wat by die prentjie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter **Y** of **Z** langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.7) in die ANTWOORDBOEK, bv. 1.2.8 **Z**.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1<br><br>**[Bron: *https://www.hellogardenroute.co.za/about-the-garden-route/about-plettenberg-bay/*]** | **Y** Gespesialiseerde dorp<br>**Z** Sentrale plek |
| 1.2.2<br><br>**[Bron: *https://www.gettyimages.com/detail/photo/shipping-and-trucking-transportation-industry-royalty-free-image/98154502?adppopup=true*]** | **Y** Poortdorp<br>**Z** Vragverbrekingsdorp |

<table>
<tr><td>1.2.3<br>Worcester, Weskaap<br><br><br>Hex rivier pas<br><br><br>[Bron: Google Earth]</td><td>Y Poortdorp<br>Z Aansluitingsdorp</td></tr>
<tr><td>1.2.4<br><br><br>[Bron: https://za.pinterest.com/pin/732538695644573803/]</td><td>Y Gespesialiseerde dorp<br>Z Sentrale plek</td></tr>
<tr><td>1.2.5<br><br>De Aar is 'n groot aansluiting waar die Kaapstad-Kimberley-hooflyn 'n lyn van Port Elizabeth en 'n ander lyn vanaf Upington ontmoet.</td><td>Y Aansluitingsdorp<br>Z Poortdorp</td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| 1.2.6   Die eerste skool is in 1683 geopen, maar onderwys op die dorp het in alle erns in 1859 begin met die opening van die oudste skool vir meisies in Suid-Afrika. **[Bron: *https://en.wikipedia.org/wiki/Stellenbosch*]** | **Y** Sentrale plek<br>**Z** Gespesialiseerde dorp |
| 1.2.7   **[Bron: *https://www.exportersec.co.za /2020/09/10/port-of-pe-making-its-mark-in-the-bumper-fruit-season/*]** | **Y** Poortdorp<br>**Z** Handel- en vervoerstad |

(7 x 1) (7)

1.3 Verwys na die infografika hieronder oor grondhervorming in Suid-Afrika.

**GRONDHERVERDELING KAN NUWE WERKSGELEENTHEDE IN LANDBOU IN SUID-AFRIKA SKEP**

Grondhervorming is nodig in post-apartheid Suid-Afrika om te help om oorgeërfde historiese ongeregtighede aan te spreek, veral dié wat voortspruit uit die grondonteiening van die swart meerderheid. Dit behels die terugbetaling van grond aan individue en gemeenskappe wat hul huise en grond verloor het weens gedwonge verskuiwings. Dit skep ook veilige regte op grond wat deur die swart meerderheid besit word. Daarbenewens het die proses ten doel om 'n meer regverdige patroon van grondbesit te skep.

**[Bron: *https://mg.co.za/news/2020-06-08-study-shows-land-redistribution-can-create-new-jobs-in-agriculture-in-south-africa/*]**



**[Bron: *https://www.landreformfutures.org/*]**

1.3.1 Definieer die term *grondherverdeling*. (1 x 2) (2)


1.3.2 Haal uit die gedeelte hierbo aan, waarom grondhervorming nodig is in 'n post-apartheid Suid-Afrika. (1 x 1) (1)

1.3.3 Noem 'n voordeel van grondhervorming, wat sigbaar is in die prent. (1 x 2) (2)

1.3.4 Stel uitdagings voor wat ondervind word in die implementering van grondhervorming in Suid-Afrika. (2 x 2) (4)

1.3.5 Verduidelik die positiewe impak van grondhervorming op landelike gemeenskappe in Suid-Afrika. (3 x 2) (6)

1.4 Verwys na die diagram hieronder oor grondgebruiksones.




**[Bron: Eksaminator se eie skets]**

1.4.1 Identifiseer die grondgebruiksone wat deur **A** in die diagram aangedui word. (1 x 1) (1)

1.4.2 Verskaf bewyse uit die skets om jou antwoord op VRAAG 1.4.1 te staaf. (1 x 2) (2)

1.4.3 Identifiseer 'n kommersiële aktiwiteit in Parkervillestad wat gedesentraliseer is. (1 x 2) (2)

1.4.4 Verduidelik waarom die aktiwiteit genoem in VRAAG 1.4.3 gedesentraliseer het. (1 x 2) (2)

1.4.5 Die grondgebruiksmodel wat in die skets hierbo uitgebeeld word, stem baie ooreen met die (meervoudige nuklei/Derdewêreldstad). (1 x 2) (2)

1.4.6 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 1.4.5. (1 x 2) (2)

1.4.7 Bespreek TWEE faktore, sigbaar op die diagram, wat die ligging van die hoë-inkomste residensiële sone beïnvloed het. (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na die artikel oor dienslewering in stedelike gebiede en beantwoord die vrae wat volg.

**BASIESE WATERDIENSTE IN SUID-AFRIKA IS VERVALLE NA JARE VAN VOORUITGANG**

Die watersituasie in Suid-Afrika het versleg. Die betroubaarheid van waterdienste en infrastruktuur, soos getoon deur gereelde watertoevoeronderbrekings was in 'n afwaartse neiging.

Die agteruitgang van die land se waterinfrastruktuur en die werklike lewering van betroubare en veilige watervoorsiening kan toegeskryf word aan onderinvestering in infrastruktuurinstandhouding en vertragings in die hernuwing van ou infrastruktuur. Ander bydraende faktore sluit in swak bestuur, beperkte begrotings, swak inkomstebestuur deur plaaslike munisipaliteite, die wanbesteding van fondse, en ’n gebrek aan kapasiteit of nodige tegniese vaardighede wat verband hou met waterdienste en sanitasiebedryf en instandhouding.

**[Bron: *https://theconversation.com/basic-water-services-in-south-africa-are-in-decay-after-years-of-progress-185616*]**

1.5.1 Waarom word die watervoorsiening in stedelike gebiede as 'n onreg beskou? (1 x 2) (2)

1.5.2 Identifiseer 'n rede, vanuit die leesstuk, vir die agteruitgang van die land se waterinfrastruktuur en die werklike lewering van betroubare en veilige water. (1 x 1) (1)

1.5.3 Verduidelik hoe verstedeliking bydra tot die swak watervoorsiening in stedelike gebiede. (1 x 2) (2)

1.5.4 Beskryf die sosiale impak van swak watervoorsiening in stedelike gebiede. (1 x 2) (2)


1.5.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, maak voorstelle hoe plaaslike munisipaliteite 'n groot waterkrisis kan vermy en watersekerheid kan verbeter. (4 x 2) (8)

**[60]**

## VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE

2.1 Pas elke tipe nywerheid in die diagram hieronder by die beskrywings wat volg.

Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 2.1.8 H.




[Bron:*https://www.godigit.com/business-insurance/business-terms/different-types-of-industries, https://www.dreamstime.com/illustration/paper-mill.html, https://www.freepik.com/free-photos-vectors/milk-factory*]

2.1.1 Hierdie bedryf verbind prosesse soos die verfyning en vervaardiging van onderdele wat noodsaaklik is vir die finale produk.

2.1.2 Hierdie tipe bedryf verskaf kommunikasiedienste, insluitend mobiele en internetverbinding.

2.1.3 Hierdie bedryf het sy ligging gebaseer op die toegang tot hoogs geskoolde werkers.

2.1.4 Hierdie bedryf is naby die klante geleë aangesien hul produk bederfbaar is.

2.1.5 Nywerhede wat naby die natuurlike hulpbronne geleë is wat benodig word vir vervaardiging


2.1.6 Hierdie bedryf kan omgewingsimplikasies hê as gevolg van hulpbronontginning, afvalgenerering en uitlaatgasse (besoedeling).

2.1.7 Hierdie bedryf vervaardig produkte vir alledaagse gebruik.

(7 x 1) (7)

2.2 Verwys na die infografiek hieronder oor steenkoolmynbou in Suid-Afrika.

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 2.2.9 A.




Steenkoolmynbou vind hoofsaaklik in Mpumalanga en Limpopo plaas. Op 30 Junie 2023 is daar 'n geraamde 5 106 Mt steenkoolreserwes van operasionele myne. Ongeveer 48% van hierdie reserwes is in Mpumalanga gebaseer en 50% is in Limpopo geleë, grootliks gekonsentreer in een myn wat reserwes van ongeveer 2 568 Mt verklaar het.

**ELEKTRISITEITSPRODUKSIE**

Steenkool word hoofsaaklik as brandstof gebruik om elektrisiteit deur verbranding op te wek. Termiese steenkool word in kragstasies gebruik om elektrisiteit op te wek.



**[Bron:** ***https://www.energy.gov.za/files/docs/SA-Mining-Sector-Performance-Quarter1of2023.pdf, https://www.news24.com/fin24/economy/sa-still-heavily-reliant-on-coal-for-electricity-report-20220405, https://www.energy.gov.za/files/docs/SA-Mining-Sector-Performance-Quarter1of2023.pdf*****]**

2.2.1 Die meeste Suid-Afrikaanse steenkoolreserwes is in ... geleë

A Gauteng
B die Oos-Kaap
C Limpopo
D die Wes-Kaap

2.2.2 Steenkoolmynbou dra by tot … armoede en lei tot die … van die natuurlike omgewing.

(i) verminderde
(ii) verhoogde
(iii) agteruitgang
(iv) bewaring

A (i) en (iii)
B (ii) en (iii)
C (iii) en (iv)
D (i) en (iv)

2.2.3 Steenkoolmynbou word onder die … ekonomiese sektor geklassifiseer.

A primêre
B sekondêre
C tersiêre
D kwarternêre

2.2.4 Steenkool dra … % by tot die BBP van Suid-Afrika.

A 5
B 25
C 35
D 39

2.2.5 Skommelinge in steenkoolpryse beïnvloed Suid-Afrika se ekonomie op die volgende maniere:

A Dit het geen noemenswaardige impak op die ekonomie nie.
B Hoër pryse lei tot verhoogde BBP, terwyl laer pryse BBP verminder.
C Laer pryse lei tot verhoogde BBP, terwyl hoër pryse BBP verminder.
D Skommelinge in steenkoolpryse raak net die mynbousektor.

2.2.6 'n Faktor wat die ontginning van steenkool in Suid-Afrika bevoordeel, is:

A Rotslae het hoër temperature
B Steenkoolreserwes is naby aan die oppervlak
C Fluktuasie in pryse
D Nasionalisering van myne

2.2.7 Steenkool in Suid-Afrika word hoofsaaklik gebruik vir die produksie van ...

A elektrisiteit.
B sement.
C staal.
D papier.

2.2.8 Die positiewe ekonomiese impak van steenkoolmyne sluit in:


A Stimuleer ekonomiese groei in omliggende gebiede
B Oorbenutting van bestaande infrastruktuur
C Stakings vir hoër lone
D Moedig onwettige mynbou aan


(8 x 1) (8)

2.3 Verwys na die infografika hieronder wat inligting oor Karan Beesvleis toon en beantwoord die vrae wat volg.

**KARAN BEESVLEIS IN SUID-AFRIKA**

Ons beesvoerkrale is by die Heidelberg-, Nigel- en Albert Valle-beesplase geleë. Die Heidelberg-plaas is die grootste voerkraal ter wêreld met 2 330 hektaar.




[Bron: *https://www.karanbeef.com/*]

2.3.1 (a) Noem TWEE provinsies waarin Karan Beesvleis gevind word. (2 x 1) (2)

(b) Identifiseer EEN klimatologiese faktor wat beesvleisboerdery bevoordeel in die provinsies wat in VRAAG 2.3.1 (a) geïdentifiseer is. (1 x 2) (2)

2.3.2 Volgens die grafiek, hoeveel kilogram beesvleis voer Karan Beesvleis na China uit? (1 x 1) (1)

2.3.3 Verduidelik hoe droogtetoestande beesvleisuitvoere negatief sal beïnvloed. (2 x 2) (4)

2.3.4 Bespreek die sosiale en ekonomiese impak van beesvleisproduksie in Suid-Afrika. (3 x 2) (6)

2.4 Bestudeer die beeld en artikel hieronder oor Saldanhabaai IDZ en beantwoord die vrae wat volg.

**SALDANHABAAI SE IOS HET MEER AS R3 MILJARD IN BELEGGINGS GELOK.**



Beleggingsooreenkomste in die Saldanhabaai-nywerheidsontwikkelingsone (IOS) is altesaam meer as R3 miljard. Die ekonomie van die Saldanhabaai IOS is gebaseer op die vervaardiging, landbou/visvang, toerisme en hawe industrieë. Landgebaseerde en sommige mariene infrastruktuur word gevestig, en samewerking met Transnet vir bykomende hawefasiliteite is aan die gang. Die beleggings word beskou as die onderskraging van industriële waardekettings en die bevordering van plaaslike ekonomiese groei.

**[Aangepas uit *https://www.businesslive.co.za/bd/national/2019-02-19-saldanha-bays-idz--has-attracted-more-than-r3bn-in-investments/#google_vignette*]**

2.4.1 Definieer die term *Industriële Ontwikkelingsone*. (1 x 2) (2)

2.4.2 Met verwysing na die beeld, identifiseer die infrastruktuur wat ontwikkel het as gevolg van die ekonomiese aktiwiteite in die Saldanhabaai-IOS. (1 x 2) (2)

2.4.3 Verwys na die bron en identifiseer EEN nywerheidsaktiwiteit in die Saldanhabaai-IOS. (1 x 1) (1)


2.4.4 Bespreek faktore wat die ontwikkeling van die Saldanhabaai-IOS bevoordeel. (2 x 2) (4)


2.4.5 Verduidelik hoe die Saldanhabaai-IOS plaaslike gemeenskappe beïnvloed. (3 x 2) (6)

2.5 Verwys na die infografika hieronder oor die informele sektor in 'n nywerheidstreek.




In die PWV-streek is 52,6% van die ekonomies aktiewe bevolking werksaam, met 77% in die formele sektor. Die finansiële sektor loop voor met 26,1%, gevolg deur handel en kleinhandel teen 22%. Gemeenskapsdienste het 17% in diens, terwyl die landbou slegs 0,6% verteenwoordig. Boonop werk 3,8% in die groeiende informele sektor, veral in handel en selfstandige ondernemings.




Plumber = *Loodgieter*
Builder = *Bouer*
Welder = *Sweiser*
Tiler = *Teëler*
Plaster = *Pleister*
Rhinolite
Electrician = *Elektrisiën*

**[Bron: *https://www.statssa.gov.za/publications/P0211/P02112ndQuarter2022.pdf, https://www.cfr.org/blog/south-africas-unemployment-grows and https://link.springer.com/article/10.1007/s11356-019-07104-8*]**

2.5.1 Identifiseer die industriële streek wat in die infografika aangetoon word. (1 x 1) (1)

2.5.2 Volgens die infografika, hoeveel mense is tans in die informele sektor werksaam? (1 x 1) (1)

2.5.3 Watter indiensnemingsektor, van die nywerheidstreek genoem in VRAAG 2.5.1, neem die meeste mense in diens? (1 x 1) (1)

2.5.4 Gee TWEE voorbeelde van poste in die informele sektor wat in die infografika vertoon word. (2 x 1) (2)

2.5.5 Hoe kan die informele sektor help om die werkloosheidskoers in die industriële streek wat in VRAAG 2.5.1 genoem word, te verminder? (1 x 2) (2)

2.5.6 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek faktore wat die ekonomiese ontwikkeling van die nywerheidstreek wat in die infografika genoem word, bevoordeel. (4 x 2) (8)

**[60]**

**TOTAAL AFDELING A: 120**

## AFDELING B

### VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

**ALGEMENE INLIGTING OOR VANRHYNSDORP (VREDENDAL)**




**Koördinate: 31°39'3,6"S ; 18°29'9,6"O**

Vredendal is 'n dorp in die noordelike Olifantsriviervallei in die Wes-Kaapse provinsie van Suid-Afrika. Dit lê 250 kilometer noord van Kaapstad en 205 km vanaf die naaste hawe by Saldanhabaai. Vredendal is verbind deur die N7 nasionale pad deur die R362 en R363 paaie. Vredendal word bedien deur die Weskus-spoorlyn wat van Kaapstad na Bitterfontein loop. Vredendal, met sy ontwikkelde infrastruktuur, is die tuiste van die grootste wynkelder in Suid-Afrika, asook 'n aantal boetiekwynkelders en 'n droëvrugte-depot. Vredendal is ook bekend vir die volgende landbouprodukte soos druiwe, aartappels, tamaties, uie, pampoene, waatlemoene en soet spanspekke.

**[Aangepas uit *https://en.wikipedia.org/wiki/Vredendal*]**

Die volgende Engelse terme en hul Afrikaanse vertalings word op die topografiese kaart getoon:

| **ENGLISH** | **AFRIKAANS** |
|---|---|
| Thorn swamp | Doringvlei |
| Middel farm | Middelplaas |
| River | Rivier |

3.1 **KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE**

Verwys na die topografiese kaart en die ortofotokaart.

3.1.1 Wat is die naam van die naaste hawe aan Vredendal? (1 x 1) (1)

3.1.2 Van watter Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief (ROI) vorm die dorp Vredendal deel?

A Weskus
B Maputo korridor
C Wildekus
D Visrivier (1 x 1) (1)

3.1.3 Vredendal is verbind met die Nasionale Pad (N7) deur die ...

A R361 en R362 paaie.
B R362 en R363 paaie.
C spoorlyn en die R361.
D Nasionale pad en die R361. (1 x 1) (1)

3.1.4 Verwys na die topografiese kaart.

Identifiseer die grondgebruik wat geleë is by 31°38’24’’S ; 18°31’19’’O.
(1 x 2) (2)

Verwys na die topografiese kaart

3.1.5 (a) Bereken die gemiddelde gradiënt tussen ∆167 in blok **A1** en ∆ 217 in blok **A4** op die topografiese kaart.

Gebruik die volgende inligting:

Vertikale interval: 110,8 m – 95,9 m = 14,9 m

**Formule:** $\dfrac{\textbf{Vertikale interval (VI)}}{\textbf{Horisontale ekwivalent (HE)}}$ (3 x 1) (3)

(b) Hoe bevoordeel jou antwoord op VRAAG 3.1.5 (a) die ligging van die landingstrook in blok **A3**, op die topografiese kaart? (1 x 2) (2)

## 3.2 KAARTINTERPRETASIE

Verwys na die topografiese kaart.

3.2.1 (a) Noem die straatpatroon by **X** in Blok **A2**, op die topografiese kaart. (1 x 1) (1)

(b) Verskaf bewyse vanaf die topografiese kaart wat die konstruksie van die straatpatroon wat in VRAAG 3.2.1 (a) genoem word, ondersteun. (1 x 2) (2)


3.2.2 Verwys na die Rioolwerke 1 in Blok **B4**, op die ortofotokaart en blok **B3**, op die topografiese kaart.

(a) Waarom verskyn hierdie grondgebruik groter op die ortofoto as die topografiese kaart? (1 x 2) (2)

(b) In watter grondgebruiksone is die rioolwerke geleë? (1 x 1) (1)

(c) Verskaf bewyse vanaf die topografiese kaart om die stelling te ondersteun dat die rioolwerke ideaal geleë is. (1 x 2) (2)

Verwys na die foto hieronder wat die Vredendal Sonkragpark in blok **A1** op die topografiese kaart wys.




**[Bron: Google Earth]**

3.2.3 (a) Wat is die faktore wat sonkragproduksie in hierdie gebied moontlik maak? (1 x 2) (2)

(b) Stel 'n ekonomiese voordeel van die Sonkragpark voor vir die besighede in Vredendal. (1 x 2) (2)

3.3 **GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)**

Verwys na die landingstrook in blok **A3** op die topografiese kaart.

3.3.1 Die landingstrook is 'n voorbeeld van 'n (mensgemaakte/natuurlike) lynkenmerk. (1 x 1) (1)

3.3.2 Watter GIS-proses beskryf die afbakening van die landingstrook?

A Buffer
B Manipulasie
C Sekuriteit
D Navrae (1 x 1) (1)

Verwys na die prent hieronder van oopgroefmyne in blokke **C4** en **C5** op die topografiese kaart.




**[Bron: Google Earth]**

3.3.3 Is die prent hierbo 'n voorbeeld van 'n (hoog of laag) skuins lugfoto? (1 x 1) (1)

3.3.4 Met verwysing na blok **C4** en **C5** op die topografiese kaart, identifiseer EEN infrastruktuurdatalaag wat deur GIS-spesialiste oorweeg is tydens die ontwikkeling van die myne. (1 x 1) (1)

3.3.5 Waarom was dit belangrik vir GIS-spesialiste om die datalaag wat in VRAAG 3.3.4 geïdentifiseer is, te oorweeg? (1 x 2) (2)

3.3.6 Die prent hierbo is 'n voorbeeld van afstandwaarneming. Hoe kan afstandwaarneming gebruik word om die impak van die myn op die omgewing te monitor? (1 x 2) (2)

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2024

# NASIENRIGLYNE

**GEOGRAFIE (VRAESTEL 2) (10782)**

**24 bladsye**

More Recourses
Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring
TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## BEGINSELS VIR NASIEN VAN GEOGRAFIE – 2024

Die volgende nasienbeginsels is ontwikkel om nasienprosesse te standardiseer.

### NASIEN

- ALLE vrae MOET nagesien word, ongeag of dit korrek of verkeerd is.
- Waar die maksimum punte vir ʼn spesifieke vraag toegeken is, plaas ʼn (M) oor die res van die teks om aan te dui dat die maksimum punte behaal is.
- ʼn Duidelike en netjiese regmerkie moet gebruik word: ✓
    - o Indien EEN punt toegeken word, moet EEN regmerkie gebruik word. ✓
    - o Indien TWEE punte behaal is, moet TWEE regmerkies gebruik word. ✓✓
    - o Die regmerkie moet geplaas word by die FEIT waarvoor die punt toegeken word.
    - o Regmerkies moet KLEIN gehou word omdat verskeie vlakke van moderering moet plaasvind.
- Verkeerde antwoorde moet aangedui word met ʼn duidelike en netjiese: **X**
    - o Gebruik MEER as een kruisie oor ʼn paragraaf/besprekingstylvraag om aan te dui dat alle feite in ag geneem is.
    - o MOENIE ʼn streep deur ʼn verkeerde antwoord trek NIE.
    - o MOENIE die verkeerde feite onderstreep NIE.

### NEEM KENNIS VAN DIE VOLGENDE

- Indien die nommering verkeerd is of weggelaat is, kan kandidate gekrediteer word solank die volgorde van die antwoorde op ooreenstem met die vraagnommers.
- In die geval van spelfoute ken die punte toegeken word mits die betekenis korrek is.
- Wees sensitief vir die sin van ʼn antwoord, wat op ʼn ander manier gestel kan word.
- In vrae waar ʼn letter die voorgeskrewe antwoord is, maar die leerder skryf die werklike antwoord – ken punte toe.

### TOTAAL EN OORDRAG VAN PUNTE

- Elke subvraag moet opgetel word.
    - o Vrae in Afdeling A het vyf subvrae, daarom word vyf subtotale per vraag vereis. Afdeling B het drie subvrae en drie subtotale.
    - o Subvraagtotale moet in die regterkantse kantlyn aan die einde van die subvrag geskryf.
    - o Subtotale moet leesbaar geskryf word.
    - o Laat spasie oop om gemodereerde punte op verskillende vlakke te skryf.
- Tel subtotale op en dra totale oor na die boonste linkerkantse kantlyn langs die vraagnommer.
- Dra die totaal oor na die voorblad van die antwoordboek.

**MODERERING**

Nasien op elke vlak van moderering geskied op dieselfde manier as die aanvanklike nasien. Alle riglyne vir nasien moet nagekom word.

Indien 'n punt vir 'n subvraag na moderering verander word, moet die moderator 'n streep trek deur die merker se punt en die nuwe punt neerskryf. ~~12~~ 16

Die totaal vir die vraag moet herbereken word, en 'n streep moet deur die verkeerde punt getrek word en die nuwe totaal moet neergeskryf word: ~~26~~ 36

**VRAAG 1** (22)

1.1 1.1.1 A (Suid-Atlantiese Hoog) ✓

1.1.2 B (Kalahari Hoog) ✓

1.1.3 B (Suid-Indiese) X 2

1.2 1.2.1 Gesmelte sneeu ✓

1.2.2 Mond X


1.2.3 Derde orde ✓ 2

1.3 1.3.1 Katabaties X

1.3.2 1 vind plaas gedurende die dag terwyl 2 plaasvind in die nag. ✓✓

1.3.3 Koue lug daal af ✓✓ in die vallei en vorm 'n inversie

Lug vloei afwaarts ✓✓



6

1.4 1.4.1 Vorm van die front is konkaaf ✓
Steil helling van front ✓

1.4.2 Warm lug sny die koue lug af ✓

1.4.3 Lug agter die koue front ✓✓ is kouer as die lug voor die front. Koue lug beweeg vinniger as warm lug vorentoe. Die koue front haal die warm front in. 5

1.5 1.5.1 (a) 'n Rivier wat slegs vloei regdeur die jaar X
(b) Die rivier kanaal is breed X
(c) Gereeldheid ✓✓ van reënval en die ✓✓ grondsoort waaroor die strome vloei.

1.5.2 Gauteng ✓ en die Oos-Kaap X

1.5.3 Die koste van voedselproduksie sal styg omdat dit duur is om gesuiwerde water te koop. Boere sal meer chemikalieë moet koop ✓✓ om water te suiwer. Chemikalieë kos baie, en dit sal Ⓜ produksiekoste verhoog. Dit sal duur wees om water te suiwer vir gebruik in elektrisiteitsopwekking. Hierdie koste sal in elektrisiteitspryse ingesluit wees. Kostes sal die prys van elektrisiteit tydens produksie verhoog. Daar sal minder skoon water wees om hidro-elektrisiteit op te wek. 7

**AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA**

**VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS**

1.1 1.1.1 ***B (1)/verspreid***

1.1.2 ***B (1)/kruispad***

1.1.3 ***D (1)/pad***

1.1.4 ***C (1)***

1.1.5 ***B (1)***

1.1.6 ***A (1)/aspek***

1.1.7 ***B (1)/toenemende persentasie van die totale bevolking wat in stedelike gebiede woon.***

1.1.8 ***C (1)/landelike gebiede***

(8 x 1) (8)

1.2 1.2.1 ***Y (1) / Gespesialiseerde dorp***

1.2.2 ***Z (1) / Vragverbreikengsdorp***

1.2.3 ***Y (1) / Poortdorp***

1.2.4 ***Z (1) / Sentraleplek***

1.2.5 ***Y (1) / Aansluitingsdorp***

1.2.6 ***Z (1) / Gespesialiseerde dorp***

1.2.7 ***Z (1) Handel- en vervoerstad*** (7 x 1) (7)

1.3 Verwys na die infografika hieronder oor grondhervorming in Suid-Afrika.

**GRONDHERVERDELING KAN NUWE WERKSGELEENTHEDE SKEP IN DIE LANDBOU IN SUID-AFRIKA**

Grondhervorming is nodig in post-apartheid Suid-Afrika om te help om oorgeërfde historiese ongeregtighede aan te spreek, veral dié wat voortspruit uit die grondonteiening van die swart meerderheid. Dit behels die terugbetaling van grond aan individue en gemeenskappe wat hul huise en grond verloor het weens gedwonge verskuiwings. Dit skep ook veilige regte op grond wat deur die swart meerderheid besit word. Daarbenewens het die proses ten doel om 'n meer regverdige patroon van grondbesit te skep.

**[Bron: https://mg.co.za/news/2020-06-08-study-shows-land-redistribution-can-create-new-jobs-in-agriculture-in-south-africa/]**



**[Bron: https://www.landreformfutures.org/**

1.3.1 Definieer die term *grondherverdeling*. (1 x 2) (2)

***Grondherverdeling poog om die benadeeldes en armes toegang tot grond vir residensiële en produktiewe doeleindes te bied. (2)***
**[KONSEP]**

1.3.2 Haal uit die gedeelte hierbo aan waarom grondhervorming nodig is in post-Apartheid Suid-Afrika. (1 x 1) (1)

***"om te help om oorgeërfde historiese ongeregtighede aan te spreek, veral dié wat voortspruit uit die grondonteiening van die swart meerderheid." (1)***

1.3.3 Noem 'n voordeel van grondhervorming, wat sigbaar is in die prent. (1 x 2) (2)

***Dit skep werksgeleenthede (2)***
***Grond word produktief gebruik/vir boerdery / verhoog voedselsekuriteit (2)***
***Verbeter lewenskwaliteit (behoorlike behuising) (2)***

**[ENIGE EEN]**


1.3.4 Stel uitdagings voor wat ondervind word in die implementering van grondhervorming in Suid-Afrika. (2 x 2) (4)

***Burokratiese vertragings bv. politieke inmenging (2)***
***Beskerming, kan vertragings veroorsaak. (2)***
***Politieke invloed, kan vertraging veroorsaak. (2)***
***Opportunisme onder begunstigdes en grondeienaars (2)***
***Gebrek aan onderwys van die voornemende boere (2)***
***Gebrek aan boerderykennis vir voornemende boere (2)***
***Die proses van grondhervorming neem tyd (2)***
***Gewillige koper, gewillige verkoper wat vertraging veroorsaak. (2)***
***Geskille oor die grondwaarde. (2)***
***Korrupsie in terme van die proses wat gevolg moet word. (2)***
***Gebrek aan fondse van die regering. (2)***
***Onenigheid tussen die regering en tradisionele (gemeenskaps) leiers. (2)***
***Geen behoorlike rekorderings by die grondregistrasie kantoor nie. (2)***
***Leemtes in die grondhervormingsproses. (2)***
**[ENIGE TWEE]**

1.3.5 Verduidelik die positiewe impak van grondhervorming op landelike gemeenskappe in Suid-Afrika. (3 x 2) (6)

***Verminder armoede in landelike gebiede aangesien mense saad vir voedsel kan plant (2)***
***Geleenthede om kommersieel gebaseerde boerdery in die landelike gebiede te skep (2)***
***Werkskepping in landelike gebiede (2)***
***Toegang tot water en kos (2)***
***Inkomste vir landelike gemeenskappe om hul lewenstandaard te verbeter (2)***
***Eienaarskap van grond – gevoel van trots/eienaarskap***
***Moedig infrastruktuurontwikkeling aan (aanvaar voorbeelde)***
***Vermindering in landelike-stedelike migrasie (2)***
**[ENIGE DRIE]**

1.4 Verwys na die DIAGRAM hieronder oor grondgebruiksones.




[Bron: Eksaminator eie skets]

1.4.1 Identifiseer die grondgebruiksone wat deur A in die diagram aangedui word. (1 x 1) (1)

***SSK/Sentrale sakekern (1)***

1.4.2 Verskaf bewyse uit die skets om jou antwoord op VRAAG 1.4.1 te staaf. (1 x 2) (2)

***Die SSK is sentraal geleë/geleë in die middel van die stedelike gebied (2)***
***Alle paaie lei na die SSK aangesien dit die mees toeganklike area is (2)***
***Dit is langs die oorgangsone geleë (2)***
**[ENIGE EEN]**

1.4.3 Identifiseer 'n kommersiële aktiwiteit in Parkerville Stad wat gedesentraliseer is. (1 x 2) (2)

***Die winkelsentrum (2)***

1.4.4 Verduidelik waarom die aktiwiteit genoem in VRAAG 1.4.3 gedesentraliseer het. (1 x 2) (2)

***Dit is langs 'n pad geleë vir maklike toegang (2)***
***Minder verkeersopeenhopings wat tyd sal bespaar. (2)***
***Naby die kliënt daarom sal dit tyd bespaar. (2)***
***Goedkoper grondwaardes/huur omdat dit 'n groter gebou is. (2)***
***Meer spasie vir parkering, dit sal meer kliënte lok / aangename ervaring. (2)***
***Minder misdaad in die substedelike gebiede aangesien misdaad hoër is in die SSK (2)***
***Minder besoedeling wat meer kliënte sal lok. (2)***

**[ENIGE EEN]**

1.4.5 Die grondgebruiksmodel wat in die skets hierbo uitgebeeld word, stem baie ooreen met die (meervoudige nuklei/Derdewêreldstad). (1 x 2) (2)

***Meervuldige kern (2)***

1.4.6 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 1.4.5. (1 x 2) (2)

***Verskillende nodusse/kerne bestaan (aanvaar voorbeelde) (2)***
***Sekere groeperinge bestaan omdat sommige sektore geneig is om weg te bly van ander sektore (2)/industrie nie langs hoë-inkomstebehuising nie.***
***Bewyse van desentralisasie (2)***
**[ENIGE EEN]**

1.4.7 Bespreek TWEE faktore, sigbaar op die diagram, wat die ligging van die hoë-inkomste residensiële-sone beïnvloed het. (2 x 2) (4)

***Naby die rivier vir estetiese redes (2)***
***Naby toegang tot paaie (2)***
***Naby 'n winkelsentrum (2)***
***Geleë weg van die SSK as gevolg van opeenhoping (2)***
***Geleë weg van die swaar nywerhede/besoedeling (2)***
***Geleë langs die gholfbaan (2)***
**[ENIGE TWEE]**

1.5 Verwys na die artikel oor dienslewering in stedelike gebiede.

**BASIESE WATERDIENSTE IN SUID-AFRIKA IS VERVALLE NA JARE VAN VOORUITGANG**

Die watersituasie in Suid-Afrika het versleg. Die betroubaarheid van waterdienste en infrastruktuur, soos getoon deur gereelde watertoevoeronderbrekings, was in 'n afwaartse neiging.

Die agteruitgang van die land se waterinfrastruktuur en die werklike lewering van ʼn betroubare en veilige watervoorsiening kan toegeskryf word aan onderinvestering in infrastruktuurinstandhouding en vertragings in die hernuwing van ou infrastruktuur. Ander bydraende faktore sluit in swak bestuur, beperkte begrotings, swak inkomstebestuur deur plaaslike munisipaliteite, die wanbesteding van fondse, en ʼn gebrek aan kapasiteit of nodige tegniese vaardighede wat verband hou met waterdienste en sanitasiebedryf en instandhouding.

**[Bron: Aangepas vanuit: https://theconversation.com/basic-water-services-in-south-africa-are-in-decay-after-years-of-progress-185616]**

1.5.1 Waarom word watervoorsiening in stedelike gebiede as 'n onreg beskou? (1 x 2) (2)

***Nie alle mense het toegang tot watertoevoer nie (2)***

1.5.2 Identifiseer 'n rede, vanuit die leesstuk, vir die agteruitgang van die land se waterinfrastruktuur en die werklike lewering van betroubare en veilige water. (1 x 1) (1)

***Onderbelegging in infrastruktuurinstandhouding (1)***
***Vertragings in die hernuwing van ou infrastruktuur (1)***
***Swak bestuur (1)***
***Beperkte begrotings (1)***
***Swak inkomstebestuur deur plaaslike munisipaliteite (1)***
***Wanaanwending van fondse (1)***
***Gebrek aan kapasiteit of nodige tegniese vaardighede (1)***
**[ENIGE EEN]**

1.5.3 Verduidelik hoe verstedeliking bydra tot die swak watervoorsiening in stedelike gebiede. (1 x 2) (2)

***Die voorsiening van infrastruktuur vir watervoorsiening is stadiger as die tempo waarteen bevolkingsgetalle toeneem (2)***

1.5.4 Beskryf die sosiale impak van swak watervoorsiening in stedelike gebiede. (1 x 2) (2)

***Oorvol gemeenskaplike waterkrane (2)***
***Gemeenskapskonflik (2)***
***Gevaarlike installeringspraktyke (2)***
***Desperate aanvaarding van besmette grondwaterbronne (2)***
***Dehidrasie van mense (2)***
***Verspreiding van siektes. (2)***
***Verlies van lewens van mense (2)***

***Verspreiding van wateroordraagbare siektes (2)***
***Negatiewe impak op huishoudelike aktiwiteite (aanvaar voorbeelde) (2)***
**(ENIGE EEN)**

1.5.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, maak voorstelle hoe plaaslike munisipaliteite 'n groot waterkrisis kan vermy en watersekerheid kan verbeter. (4 x 2) (8)

***Veldtogte vir veilige/skoon water (opvoeding van plaaslike gemeenskappe) (2)***
***Pak die probleem van ondoeltreffende watergebruik en vermorsing aan (2)***
***Boetes vir die ondoeltreffende watergebruik en vermorsing (2)***
***Doen meer navorsing oor die impak van uiterste weergebeure en klimaatsverandering op die land se waterbronne (2)***
***Belê in infrastruktuurontwikkeling (aanvaar voorbeelde – skakel in met watervoorsiening) (2)***
***Gereelde instandhouding van bestaande waterinfrastruktuur (2)***
***Gee aandag aan gebrekkige bestuurstelsels en rekordhouding (2)***
***Ontwikkel en implementeer 'n institusionele en regulatoriese raamwerk en verseker voldoening aan bestaande regulatoriese raamwerke (2)***
***Die kapasiteit van sleutel nasionale staatsdepartemente en munisipaliteite moet op 'n objektiewe wyse geëvalueer word (2)***
***Allokeer meer fondse in die begroting om die toegang tot water te verbeter (2)***
***Neem geskoolde amptenare (persoonlik bekwaam) in diens om beter dienste / lewering / instandhouding van waterinfrastrukteur te verseker (2)***
***Bevorder aanspreeklikheid onder amptenare (2)***
***Voorsien Jo-Jo tenks/watervragmotors (2)***
***Implementering van waterbeperkings (2)***

**[ENIGE VIER]**

**[60]**

## VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE

2.1 Pas elke tipe nywerheid in die diagram hieronder by die beskrywings wat volg. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 2.1.8 H.

2.1.1 ***G (Storing van olie) (1)***

2.1.2 ***C (Interne)t (1)***

2.1.3 ***B (Microchip industrie) (1)***

2.1.4 ***D / E (Gevriesdekos / Melkfabriek) (1)***

2.1.5 ***A / E (Roumateriaal / Papierfabriek)(1)***

2.1.6 ***A /F (Papierfabriek /Storing van olie)(1)***

2.1.7 ***D / E Gevriesdekos / Melkfabriek(1)***

(7 x 1) (7)

2.2 Verwys na die infografiek hieronder oor steenkoolmynbou in Suid-Afrika.

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 2.2.9 A.

2.2.1 ***C/Limpopo (1)***

2.2.2 ***A/(i) en (iii) (1)***

2.2.3 ***A/primêre (1)***

2.2.4 ***B/25 (1)***

2.2.5 ***B/Hoër pryse lei tot verhoogde BBP, terwyl laer pryse BBP verminder (1)***

2.2.6 ***B/steenkoolreserwes is naby die oppervlak (1)***

2.2.7 ***A/Elektrisiteit (1)***

2.2.8 ***A/Stimuleer ekonomiese groei in omliggende gebiede (1)***


(8 x 1) (8)


2.3 Verwys na die infografika hieronder wat inligting oor Karan Beef toon en beantwoord die vrae wat volg.

**KARAN BEESVLEIS IN SUID-AFRIKA**

Ons beesvoerkrale is by die Heidelberg-, Nigel- en Albert Valle-beesplase geleë. Die Heidelberg-plaas is die grootste voerkraal ter wêreld met 2 330 hektaar.

**BEESVLEIS UITVOERE**
**Karan Beesvleis uitvoere in 'n jaar**




[Bron: https://www.karanbeef.com/]

2.3.1 (a) Noem TWEE provinsies waarin Karan Beesvleis geleë is.

***Gauteng (1)***
***KwaZulu-Natal (1)*** (2 x 1) (2)

(b) Identifiseer EEN klimatologiese faktor wat beesvleisboerdery bevoordeel in die provinsies wat in VRAAG 2.3.1 (a) geïdentifiseer is.

***Warmer temprature (2)***
***Voldoende reënval.***
***Die gematigde klimaat van Suid-Afrika is oor die algemeen bevorderlik vir beeste se welstand. (2)***
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

2.3.2 Volgens die grafiek, hoeveel kilogram beesvleis voer Karan Beesvleis na China uit? (1 x 1) (1)

***4 000 000 (miljoen) (1) kg***

2.3.3 Verduidelik hoe droogtetoestande beesvleisuitvoere negatief sal beïnvloed. (2 x 2) (4)

***Droogtes kan daartoe lei dat boere die vee slag en dus die hoeveelheid en kwaliteit goedere wat vir uitvoer beskikbaar is, verminder. (2)***
***Uitvoermarkte vra dikwels vir produkte van hoë gehalte, en as droogte die kwaliteit van goedere wat vir uitvoer beskikbaar is, verminder, kan dit lei tot verminderde vraag en laer pryse op die internasionale mark. (2)***
***Droogte kan produksiekoste vir boere verhoog, pryse moet moontlik verhoog word om die bykomende uitgawes te dek. (2)***
***In reaksie op binnelandse voedseltekorte wat deur droogte veroorsaak word, kan regerings handelsbeperkings op uitvoere instel om 'n voldoende binnelandse voorraad te verseker. (2)***
**[ENIGE TWEE]**

2.3.4 Bespreek die sosiale en ekonomiese impak van beesvleisproduksie in Suid-Afrika. (3 x 2) (6)

***SOSIALE FAKTORE:***

***Beesvleisproduksie bied werksgeleenthede aan 'n diverse verskeidenheid mense.***
***Beeste word dikwels beskou as simbole van rykdom, status en erfenis. (2)***
***Beesvleisproduksie kan sosiale kohesie en gemeenskapsolidariteit bevorder deur mense bymekaar te bring vir gedeelde aktiwiteite en wedersydse ondersteuning. (2)***
***Beesvleisproduksie speel 'n rol in die verbetering van voedselsekerheid deur die verskaffing van 'n huishoudelike bron van vleis vir verbruik, veral in landelike gebiede waar toegang tot alternatiewe proteïenbronne beperk kan wees. (2)***

***EKONOMIESE FAKTORE:***

***Beesvleisproduksie verhoog die beskikbaarheid van plaaslik geproduseerde vleis, wat bydra tot die binnelandse vleisvoorraad. (2)***
***'n Stabiele en gediversifiseerde binnelandse vleisvoorraad verminder die risiko van tekorte wat veroorsaak word deur eksterne faktore soos globale markskommelings of voorsieningsketting-ontwrigting. (2)***
***Deur hoë gehalte binnelandse beesvleis van te produseer, kan Suid-Afrika sy afhanklikheid van vleisinvoere verminder. (2)***
***Afhanklikheid van invoere stel die land bloot aan potensiële prysskommelings en voorsieningskettingkwesbaarhede in die internasionale mark. (2)***
***Om op invoere staat te maak kan soms lei tot fluktuerende vleispryse as gevolg van wêreldmarkdinamika en vervoerkoste. (2)***
***Binnelandse produksie, (soos Karan-beesvleis), dra by tot prysstabiliteit.***
***Binnelandse produksie, (soos Karan-beesvleis), dra by tot bekostigbaarheid vir verbruikers. (2)***
***Wanneer plaaslike produksie sterk is, kan dit help om pryse te reguleer, wat vleis meer toeganklik maak vir 'n breër segment van die bevolking. (2)***
***Die vermindering van vleisinvoere deur verhoogde binnelandse produksie kan bydra tot die verkleining van handelswanbalanse. (2)***
***Die invoer van minder vleis beteken minder finansiële hulpbronne wat die land verlaat en kan moontlik lei tot 'n gunstiger handelsbalans. (2)***
***Die versterking van binnelandse vleisproduksie, insluitend Karan-beesvleis, ondersteun plaaslike boere, produsente en die breër landbousektor. (2)***
***Lei tot verhoogde indiensneming, landelike ontwikkeling en verbeterde lewensbestaan vir diegene wat by die beesvleiswaardeketting betrokke is. (2)***
***Dra by tot die BBP (2)***
***Verdien Buitelandse valuta (2)***
***Voeg waarde by tot die grond (2)***

**MOONTLIKE NEGATIEWE IMPAK:**
***Verspreiding van siektes sal produksie verminder (2)***
***Al hoe meer grond word gebruik vir kommersiële boere wat bestaansboere uitstoot - geen kos vir bestaansboere nie – meer armoede (2)***
***(Leerders moet ten minste EEN sosiale en EEN ekonomiese faktor noem)***
**[ENIGE DRIE]**

2.4 Bestudeer die beeld en artikel hieronder oor Saldanhabaai IDZ en beantwoord die vrae wat volg.

**SALDANHABAAI SE IOS HET MEER AS R3 MILJARD IN BELEGGINGS GELOK.**



Beleggingsooreenkomste in die Saldanhabaai-nywerheidsontwikkelingsone (IOS) is altesaam meer as R3 miljard. Die ekonomie van die Saldanhabaai IOS is gebaseer op vervaardiging, landbou/visvang, toerisme en hawe industrieë. Landgebaseerde en sommige mariene infrastruktuur word gevestig, en samewerking met Transnet vir bykomende hawefasiliteite is aan die gang. Die beleggings word beskou as die onderskraging van industriële waardekettings en die bevordering van plaaslike ekonomiese groei.

**[Aangepas vanuit: https://www.businesslive.co.za/bd/national/2019-02-19-saldanha-bays-idz--has-attracted-more-than-r3bn-in-investments/#google_vignette]**

2.4.1 Definieer die term *Industriële Ontwikkelings Sone*. (1 x 2) (2)

***IOS's is 'n doelgerigte geboude nywerheidslandgoed om uitvoere te ondersteun. Hulle verskaf vervoer-, logistieke- en sakedienste wat vir uitvoergerigte nywerhede aangepas is. (2)***
**[KONSEP]**

2.4.2 Met verwysing na die beeld, identifiseer die infrastruktuur wat ontwikkel het as gevolg van die ekonomiese aktiwiteite in Saldanhabaai IOS. (1 x 2) (2)

***Paaie (2)***
***Hawens (2)***
***Huise / geboue (2)***
***Kraglyne (2)***
**[ENIGE EEN]**

2.4.3 Verwys na die bron en identifiseer EEN nywerheidsaktiwiteit in die Saldanhabaai-IOS. (1 x 1) (1)

***Vervaardigingsbedryf (1)***
***Landbou-/visserybedryf (1)***
***Toerisme industrie (1)***
***Hawe nywerhede (1)***
**[ENIGE EEN]**

2.4.4 Bespreek faktore wat die ontwikkeling van die Saldanhabaai-IOS bevoordeel. (2 x 2) (4)

***Saldanhabaai is aan die weskus van Suid-Afrika geleë en bied maklike toegang tot internasionale skeepsroetes en -markte. (2)***
***Die diepwaterhawe vergemaklik die invoer en uitvoer van grootmaat-kommoditeite soos ystererts, steenkool en landbouprodukte, wat dit aantreklik maak vir nywerhede wat van seevervoer afhanklik is. (2)***
***Die streek rondom Saldanhabaai het oorvloedige minerale hulpbronne, veral ystererts. (2)***
***Die vestiging van die Saldanhabaai IOS word ondersteun deur die bestaande industriële infrastruktuur, insluitend hawefasiliteite, vervoernetwerke en nutsdienste soos elektrisiteit (alternatiewe energiebronne) en watervoorsiening. (2)***
***Die vinnig en beskikbaarheid van plat grond (2)***
***Die beskikbaarheid van geskoolde en ongeskoolde arbeid (2)***
**[ENIGE TWEE]**

2.4.5 Verduidelik hoe die Saldanhabaai-IOS plaaslike gemeenskappe beïnvloed. (6)
(3 x 2)

***Die ontwikkeling van nywerheidsaktiwiteite binne die IOS kan werksgeleenthede oor verskeie sektore heen genereer. (2)***
***Die Saldanhabaai-IOS kan werkloosheidsyfers verminder en huishoudelike inkomste verhoog. (2)***
***Verbetering van die lewenskwaliteit vir inwoners. (2)***
***Die vestiging van nywerheidsfasiliteite en die instroming van besighede na die Saldanhabaai-IOS kan 'n vraag na geskoolde arbeid skep. (2)***
***Verskaf basiese dienste/verbeter toegang tot basiese dienste. (2)***

*Verbeter/Ontwikkel infrastruktuur. (2)*
*Vaardigheidsontwikkeling/opleiding / beurse. (2)*


*NEGATIEWE IMPAK:*
*Besoedeling (grond/water/lug) as gevolg van instroming van mense. (2)*
*Oorbevolking as gevolg van instroming van mense. (2)*
*Ontginning van hulpbronne. (2)*
*Gronddegradasie (2)*


**[ENIGE DRIE]**

2.5 Verwys na die infografika hieronder oor die informele sektor in 'n nywerheidstreek.




In die PWV-streek is 52,6% van die ekonomies aktiewe bevolking werksaam, met 77% in die formele sektor. Die finansiëlesektor loop voor met 26,1%, gevolg deur handel en kleinhandel teen 22%. Gemeenskapsdienste het 17% in diens, terwyl die landbou slegs 0,6% verteenwoordig. Boonop werk 3,8% in die groeiende informele sektor, veral in handel en selfstandige onderneming.




Plumber = *Loodgieter*
Builder = *Bouer*
Welder = *Sweiser*
Tiler = *Teëler*
Plaster = *Pleister*
Rhinolite
Electrician = *Elektrisiën*

**[Bron: https://www.statssa.gov.za/publications/P0211/P02112ndQuarter2022.pdf, https://www.cfr.org/blog/south-africas-unemployment-grows and https://link.springer.com/article/10.1007/s11356-019-07104-8]**

2.5.1 Identifiseer die industriële streek wat in die infografika aangetoon word. (1 x 1) (1)

***Die PWV (Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging) (1)***

2.5.2 Volgens die infografika, hoeveel mense is tans in die informele sektor werksaam? (1 x 1) (1)

***3,8% (1)***

2.5.3 Watter indiensnemingsektor, van die nywerheidstreek genoem in VRAAG 2.5.1, neem die meeste mense in diens? (1 x 1) (1)
***Finansies (1)***

2.5.4 Gee TWEE voorbeelde van poste in die informele sektor wat in die infografika vertoon word. (2 x 1) (2)

***Bouer (1)***
***Verwer (1)***
***Sweiser (1)***
***Teëler (1)***
***Elektrisiën (1)***
***Loodgieter (1)***
***Pleister (1)***
**[ENIGE TWEE]**

2.5.5 Hoe kan die informele sektor help om die werkloosheidskoers in industriële streek wat in VRAAG 2.5.1 genoem word, te verminder? (1 x 2) (2)

***Die informele sektor is makliker om te betree in vergelyking met die formele sektor, wat individue in staat stel om besighede te begin met minimale kapitaal (2)***
***Die informele sektor is makliker om te betree in vergelyking met die formele sektor, wat individue in staat stel om besighede te begin meformele kwalifikasies. (2)***
***Die informele sektor moedig entrepreneurskap en self-indiensneming aan deur individue te bemagtig om hul besighede te begin en ekonomies selfstandig te word. (2)***
***Bied alternatiewe weë vir inkomste generering. (2)***
***Die informele sektor is bekend vir sy buigsaamheid en aanpasbaarheid by veranderende ekonomiese toestande en markvereistes. (2)***
***Informele besighede kan ook buigsame werkreëlings en informele opleidingsgeleenthede bied, wat die indiensneembaarheid van werkers in die PWV-streek verbeter. (2)***
**[ENIGE EEN]**

2.5.6 In ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek faktore wat die ekonomiese ontwikkeling van die nywerheidstreek wat in die infografika genoem word, bevoordeel. (4 x 2) (8)

***Groot verskeidenheid en groot hoeveelheid grondstowwe. (2)***
***'n Goeie vervoernetwerk (pad, spoor en lug) in PWV. (2)***
***Goed gekoppel aan ander streke van Suid-Afrika. (2)***
***Goed gekoppel aan hawens. (2)***
***Markte regoor die land (Goed gekoppel aan ander dele van Suid-Afrika). (2)***
***Die naaste kernnywerheidstreek aan markte in die res van Afrika. (2)***
***Internasionale markte is die grootste in Suid-Afrika. (2)***
***Het geskoolde en ongeskoolde arbeid beskikbaar. (2)***
***Dit het die grootste bevolking (van al die industriële streke.) (2)***
***Voldoende en relatief goedkoper elektrisiteitsvoorsiening. (2)***
***Groot kragstasies is in PWV geleë, en steenkoolmyne is naby (groot steenkoolmyne in Mpumalanga) (2)***
***Voldoende watervoorsiening. (Watervoorsiening aangevul deur waterprojekte, bv. TUGELA-projek) (2)***
***Het baie tersiêre onderwysinstellings (vaardigheidsontwikkeling) (2)***
***Relatief plat grond (makliker konstruksie van nywerhede) (2)***
**[ENIGE VIER]**

**[60]**

**TOTAAL AFDELING A: 120**

## AFDELING B

## VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

**ALGEMENE INLIGTING OOR VANRHYNSDORP (VREDENDAL)**




**Koördinate: 31° 39' 3.6" S; 18° 29' 9.6" O**

Vredendal is 'n dorp in die noordelike Olifantsriviervallei in die Wes-Kaapse provinsie van Suid-Afrika. Dit lê 250 kilometer noord van Kaapstad en 205 km vanaf die naaste hawe by Saldanhabaai. Vredendal is verbind deur die N7 nasionale pad deur die R362 en R363 paaie. Vredendal word bedien deur die Weskus-spoorlyn wat van Kaapstad na Bitterfontein loop. Vredendal, met sy ontwikkelde infrastruktuur, is die tuiste van die grootste wynkelder in Suid-Afrika, asook 'n aantal boetiekwynkelders en 'n droëvrugte-depot. Vredendal is ook bekend vir die volgende landbouprodukte soos druiwe, aartappels, tamaties, uie, pampoene, waatlemoene en soet spanspekke.

**[Aangepas vanuit https://en.wikipedia.org/wiki/Vredendal]**

Die volgende Engelse terme en hul Afrikaanse vertalings word op die topografiese kaart getoon.

| **ENGLISH** | **AFRIKAANS** |
|---|---|
| Thorn swamp | Doringvlei |
| Middel farm | Middelplaas |
| River | Rivier |

3.1 **KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE**
Verwys na die topografiese kaart en die ortofotokaart.

3.1.1 Wat is die naam van die naaste hawe aan Vredendal? (1 x 1) (1)

***Saldanhabaai (1)***

3.1.2 Van watter Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief (ROI) vorm die dorp Vredendal deel?

A Weskus
B Maputo korridor
C Wildekus
D Visrivier (1 x 1) (1)

***A (1)/Weskus***

3.1.3 Vredendal is verbind met die Nasionale Pad (N7) deur die ...

A R361 en R362 paaie.
B R362 en R363 paaie.
C spoorlyn en R361.
D Nasionale pad en R361. (1 x 1) (1)

***B (1) R362 en R363 paaie***

3.1.4 Verwys na die topografiese kaart.

Identifiseer die grondgebruik wat geleë is by 31° 38’ 24’’S 18° 31’ 19’’O.
(1 x 2) (2)

***Begraafplaas (2)***

3.1.5 (a) Bereken die gemiddelde gradiënt tussen punthoogte ∆167 in blok **A1** en ∆ 217 in blok **A4** op die topografiese kaart.

Gebruik die volgende inligting:

Vertikale interval: 110,8 m – 95,9 m
= 14,9 m

**Formule:** $\dfrac{\textbf{Vertikale interval (VI)}}{\textbf{Horisontale ekwivalent (HE)}}$ (3 x 1) (3)

***HA = 9,1 cm x 500 = 4 550 m (1) (range 4 500 m – 4 600 m) (range 9 cm – 9,2 cm***

$= \dfrac{\mathbf{14,9\ m}}{\mathbf{4\ 550\ m}}$ (1) vir vervanging

***1: 305,37 (1)***
***(speling 1 : 302,01 – 1 : 308,72)***

(b) Hoe bevoordeel jou antwoord in VRAAG 3.1.5 (a) die ligging van die landingstrook in blok **A3**, op die topografiese kaart? (1 x 2) (2)

***Die gradiënt is geleidelik (2)***

3.2 **KAARTINTERPRETASIE**

Verwys na die topogafiese kaart.

3.2.1 (a) Noem die straatpatroon by **X** in Blok **A2**, op die topografiese kaart. (1 x 1) (1)

***Beplan onreëlmatig (1)***

(b) Verskaf bewyse vanaf die topografiese kaart wat die konstruksie van die straatpatroon wat in VRAAG 3.2.1 (a) genoem word, ondersteun. (1 x 2) (2)

***Al die paaie lyk nie dieselfde nie. (Geen herkenbare patroon nie) (2)***
***Laat die area aantreklik lyk (om estetiese redes). (2)***
***Minder kruisings. (2)***
***Veiliger om te reis aangesien daar minder kruisings en doodloopstrate is. (2)***
***Geleidelike gradiënt. (2)***
***Verskillende grootes van die erwe. (2)***
**[ENIGE EEN]**

3.2.2 Verwys na die Rioolwerke 1 in Blok **B4**, op die ortofotokaart en blok **B3**, op die topografiese kaart.

(a) Waarom verskyn hierdie grondgebruik groter op die ortofoto as die topografiese kaart? (1 x 2) (2)

***Die skaal van die ortofotokaart is (5) keer groter as die topografiese kaart. (2)***
***Die skaal van die topografiese kaart is (5) keer kleiner as die ortofotokaart. (2)***
**[ENIGE EEN]**


(b) In watter grondgebruiksone is die rioolwerke geleë? (1 x 1) (1)

***Landelike-stedelike oorgangsone. (1)***

(c) Verskaf bewyse vanaf die topografiese kaart om die stelling te ondersteun dat die rioolwerke ideaal geleë is. (1 x 2) (2)

***Geleë ver van beboude gebied (2)***
***Slegte reuk in die lug sal nie die plaaslike inwoners raak nie (2)***
***Genoeg spasie vir uitbreiding (2)***
***Grond is goedkoper (2)***
***Gelyk grond (2)***
**[ENIGE EEN]**

Verwys na die foto hieronder wat die Vredendal Sonkragpark in blok **A1** op die topografiese kaart wys.




**[Bron: Google Earth]**

3.2.3 (a) Wat is die faktore wat sonkragproduksie in hierdie gebied moontlik maak? (1 x 2) (2)

***Groot spasie vir die sonpanele (2)***
***Gelyk grond vir uitbreiding (2)***
***Goedkoper konstruksie (2)***
***Genoeg sonlig in die area (2)***
**[ENIGE EEN]**

(b) Stel 'n ekonomiese voordeel van die Sonkragpark voor vir die besighede in Vredendal. (1 x 2) (2)

***Goedkoper voorsiening van elektrisiteit (2)***
***Minimum beurtkrag / verminder die impak van beurtkrag. (2)***
***Toename in winsgrens (2)***
***Geen afhanklikheid van die nasionale kragnetwerk nie (ESKOM) (2)***
***Verhoogde produksie (2)***
**[ENIGE EEN]**

3.3 **GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS**

Verwys na die landingstrook in blok **A3** op die topografiese kaart.

3.3.1 Die landingstrook is 'n voorbeeld van 'n (mensgemaakte/natuurlike) lynkenmerk. (1 x 1) (1)

***Mensgemaakte (1)***

3.3.2 Watter GIS-proses beskryf die afbakening van die landingstrook?

A Buffer
B Manipulasie
C Sekuriteit
D Navrae (1 x 1) (1)

***A (1)/Buffer (1)***

Verwys na die prent hieronder van oopgroefmyne in blokke C4 en C5 op die topografiese kaart.




**[Bron: Google Earth]**

3.3.3 Is die foto hierbo 'n voorbeeld van (hoog of laag) skuins lugfoto? (1 x 1) (1)

***Laag (1)***

3.3.4 Met verwysing na blok C4 en C5 op die topografiese kaart, identifiseer EEN infrastruktuurdatalaag wat deur GIS-spesialiste oorweeg is tydens die ontwikkeling van die myne. (1 x 1) (1)

***Paaie (1)***
***Geboue (1)***
***Heinings (1)***
**[ENIGE EEN]**

3.3.5 Waarom was dit belangrik vir GIS-spesialiste om die datalaag wat in VRAAG 3.3.4 geïdentifiseer is, te oorweeg? (1 x 2) (2)

***Paaie vir maklike vervoer (2)***
***Geboue vir mynadministrasie/-prosesse (2)***
***Heining vir veiligheid/buffer (2)***
**[ENIGE EEN]**

3.3.6 Die prent hierbo is 'n voorbeeld van afstandswaarneming. Hoe kan afstandwaarneming gebruik word om die impak van die myn op die omgewing te monitor? (1 x 2) (2)

***Monitor die omgewing sonder om toegang tot die area te kry (2)***
***Monitor die omgewingseffekte vinnig (2)***
***Monitor tendense/impak van die omgewing oor tyd (2)***
***Veiliger om te monitor met afstandswaarneming (2)***
***Goedkoper om te monitor deur afstandswaarneming (2)***
***Monitor groot gebiede (2)***
**[Enige EEN]**

**TOTAAL AFDELING B: [30]**

**TOTAAL: 150**